# NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2025

Deur **Aanbidding** wat leef vanuit die erediens
en ons gebedslewe, groei ons

**2025.10**

---

Matteus 28:19-20; Romeine 10:8-10; Matteus 25:40; Romeine 12:20-21; 1 Petrus 3:1-2; Galasiërs 5:22-23

**Om te getuig vra eintlik so min … dalk nie eens woorde nie!**

In Matteus 28:19 gee Jesus die Groot Opdrag om die Evangelie te verkondig en dissipels van alle nasies te maak. Baie gelowiges sukkel egter om hul geloof met woorde te deel – uit vrees, onsekerheid of omdat mense nie wil luister nie.

Maar wat as woorde nie maklik na ons toe kom nie?

Wat as ons nie vrymoedigheid het om met ander oor die Evangelie te praat nie?

Wat as die mense wat ons probeer bereik nie wil hoor nie?

Selfs groot Bybelfigure soos Moses en Paulus het geworstel met hul vermoë om te praat, maar God het hulle bygestaan. Ons kan ook vertrou dat die Heilige Gees ons die regte woorde sal gee (Markus 13:11), of wysheid as stilte beter is (Jakobus 1:5).

God het Moses gehelp deur sy broer Äron as sy amptelike woordvoerder aan te stel. In die konteks van om verhoor te word en te getuig van hulle geloof, het Jesus Sy dissipels getroos met die volgende: "*… moet julle julle nie vooraf bekommer oor wat julle moet sê nie, maar wat ook al op daardie oomblik aan julle gegee word, dit moet julle sê; want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees.*" (Mark 13:11).

"Here, gee my die regte woorde," is 'n uitstekende gebed om te bid, wanneer jy met 'n moeilike gesprek gekonfronteer word. Soms kan die Here ons selfs verseker dat ons stilte dalk beter is as woorde. Ons kan Hom altyd vra vir wysheid! (Jakobus 1:5).

Tog is woorde nie altyd nodig nie. Ons kan Jesus se liefde wys deur dade: vriendelikheid, geduld, deernis en selfbeheersing (Galasiërs 5:22-23). Franciscus se woorde vat dit mooi saam: "Preek die Evangelie te alle tye; en wanneer nodig, gebruik woorde."

Soos Petrus sê, kan respekvolle gedrag mense sonder woorde wen (1 Petrus 3:1-2), en volgens Paulus (Romeine 12:20-21) oorwin liefde selfs vyandigheid.

Jesus se liefde is die essensie van Sy bediening; dit het gemaak dat Hy 'n aardse bestaan vir ons opgeoffer het (Joh. 3:16). Ons kan getuig deur deernis en onbaatsugtige gedrag te toon, deur die eerste te wees om te vergewe, geselskap aan te bied en "stadig tot woede" te wees (Jakobus 1:19).

Dit kan veroorsaak dat ander die Bron van ons dade in ag neem – selfs al gebruik ons nie woorde nie. Verder, soos Jesus sê in Matteus 25:40, *"Wat julle ook al vir een van hierdie geringste broers van My gedoen het, het julle vir My gedoen."* As ons optrede ander bevoordeel, het ons aan hulle die liefde van Jesus gewys.

- https://williejonker.co.za/196708-2/
- https://www.bybel-en-gebed.co.za/om-oor-jesus-te-getuig/

Dink bietjie:

- Wat het Jesus vir jou in die afgelope tyd gedoen?
- Kan jy vir iemand vertel wat Jesus vir jou gedoen het?
- Dink jy dat jy 'volmaak' moet wees om te kan getuig?

*Vir die groepgesprek:*

1. Hoe maklik vermy ons die punt onderwerp van getuienis in enige gesprek? Vertel mekaar bietjie oor wat julle as redes daarvoor beskou.

2. Maak godsdiens praatjies jou ongemaklik wanneer mense saam kuier? Dink julle mens moet eerder geloofsake en sosiale gesprekke nie met mekaar meng nie, of kan dit? Motiveer bietjie

3. Wat dink julle van christelike slagspreuke/tekste wat mense in hulle huise opsit/verf/plak?

*Vanuit die teksgedeeltes:*

1. In Matteus 28:19-20 kry ons die opdrag om die evangelie te verkondig. Kan ons sê dat dit net vir sekere mense geld en nie vir almal nie? Wat sê julle?

2. Romeine 10:8-10 wil iets vir ons sê van die belang om ons geloof te bely. As ek dan nou nie dit regkry om my geloof met ander (met my mond) te deel nie, word ek dan nie gered nie?

3. In Matteus 25:40 is dit duidelik dat handeling, ook 'n getuienis is. Die vraag is nou: Doen ons dit met die gesindheid van die teks?

4. Vergelyk ook Romeine 12:20-21 wat riglyne vir die christelike lewe gee. In watter mate dink julle is jou lewe en handeling, 'n getuienis sonder woorde?

5. Die Bybel het dalk ook 'n bietjie humor: 1 Petrus 3:1-2! Kan dit moontlik wees om te doen wat hierdie teks sê?

6. Lees Galasiërs 5:22-23. Gesels met mekaar oor elkeen van die dele van die vrug van die Gees en hoe dit 'n getuienis kan wees.

Daag jouself uit om elke dag vir 'n week lank iemand wat 'n vreemdeling is te ontmoet en hul storie beter te leer ken. Vra wat hul naam is, hoe hulle hul werk of skool ervaar en wat hul grootste vreugde en uitdaging is.